NG Gemeente Rietfontein-Suid
deur Christus-liefde gee ons vir almal om

# Bybel Blokraai Oplossing - April 2013




## Tema: Ester

### Dwars

1. Mordegai het hom beywer vir die __________ van die Joodse volk. (Ester 10:3)

5. Mordegai het as voog opgetree vir hierdie weeskind wat ook Ester genoem is. (Ester 2:7)

6. Die lot. (Ester 3:7)

7. Ahasveros se setel. (Ester 1:2)

10. Vir hoe lank moes die paleis se meisies met olie en kruie behandel word? (Ester 2:12)

16. Die mooi meisies in die vroue kwartiere het __________ ontvang om hulle ontvanklik te maak vir Ahasveros. (Ester 2:3)

17. *17 Dwars en 15 Af:* Watter 2 dinge vir eerbewys sou Hamman nooit ontvang nie? (Ester 6:10)

19. Uit woede vir Mordegai wou Hamman hulle uitroei. (Ester3:6 )

20. *20 Dwars* en *21 Af*: Ester was baie versigtig vir Ahasveros om vir haar volk se lewe te pleit en het __________ keer die koning na 'n __________ genooi om hom te prober oorreed. (Ester 5:3-8)

21. Hamman was bevredig deur eer en rykdom, maar wat was die een ding wat hom nie kon bevredig nie? (Ester5:13 )

25. Wat het Mordegai laat verhoed om by die paleis se poort in te gaan? (Ester 4:2)

26. 'n Baie belangrike maand in die tyd van Ester. (Ester 3 en 9)

27. Wat is met Hamman se 10 seuns se lyke gedoen? (Ester 9:14)

28. Wat is die hoogte van die galg in *voet*, wat Hamman vir Mordegai laat bou het? (Ester 5:14)

## Af

2. Ahasveros het deur 'n koninklike bevel die vrouens gedwing om só teenoor hulle mans op te tree. (Ester 1:20)

3. Die Agagiet wat oor al Ahasveros se beamptes aangestel was. (Ester 3:1)

4. Die paleis beampte wat koningin Vasti na Ahasveros moes bring sodat hy met haar kon spog, wat ook later vir Hamman help ophang het. (Ester 1:10 en Ester 7:9)

6. Watter Joodse fees is in die tyd van Ahasveros tot stand gebring? (Ester 9:26)

8. Die proklamasie teen die Jode kon nie herroep word nie, maar Ahasveros het die Jode die reg gegee tot __________. (Ester 8:11)

9. Behalwe vir skoonheidsbehandeling moes meisies in Ahasveros se paleis ook 'n __________ volg. (Ester 2:9)

11. Hoe het Hamman gevoel nadat hy Mordegai moes laat vereer? (Ester 6:12-13)

12. Mordegai het soos Daniël geweier om voor ander te __________. (Ester 3:2)

13. 'n Persoon kon slegs voor die koning verskyn as hy ontbied word, maar wat is die uitsondering gewees? Leidraad: 'n Voorwerp is hiervoor gebruik (2 woorde). (Ester 4:11)

14. *14 Af en 18 Dwars:* Hulle is aan 'n galg opgehang na skuldigbevinding aan 'n moordkomplot op Ahasveros. (Ester 2:21 en Ester 6:2)

22. Tydens die fees wat in Adar gehou word, wat stuur die Jode vir mekaar? (Ester 9:19)

23. Die hoofamptenaar wat voor in die koor gestaan het toe Ahasveros vir koningin Vasti wou laat straf. (Ester 1:16)

24. Onder wie se sorg was Ester terwyl sy in die paleis was? (Ester 2:8)